BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

JULIE 2015 Nr 73

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Toutjies te kort om te gebruik

'n Vriendin vertel van haar tannie wie se huis hulle moes opruim nadat sy oorlede is. Die tannie was baie presies en netjies en alles was mooi ge-orden en duidelik gemerk. Dit het egter nie verhoed dat sy alles gebêre en soos meeste van haar tydgenote, niks weggegooi het nie. Dit was daarom egter steeds 'n reuse taak om alles op te ruim en die meeste van dit wat sy opgegaar het, weg te gooi.

Ten tye van hierdie opruim, het hulle 'n houertjie ontdek wat soos al die houers duidelik gemerk was: "Toutjies te kort om te gebruik." Hoe op aarde is dit moontlik dat mens goed bêre waarvan jy reeds weet dat daar geen gebruik voor in die toekoms gaan wees nie? Ek dink dit was net te moeilik om goed weg te gooi. In ons dag en tyd is nie net ons huise oorvol nie, maar is ons denke ook oorvol met 'n oorvloed van inligting en is ek op die Internet en sosiale media, op verskillende plekke tegelyk besig. 'n Studie het getoon dat die oorgrote meerderheid van wat in kombuiskaste staan, nooit of baie selde gebruik word - ons kry die "clutter" nie uitgesorteer nie. Daar was natuurlik 'n geslag vir wie dit moeilik was om iets weg te gooi of selfs weg te gee.

In die Koninkryk van die hemele, sê Jesus, reis 'n mens lig. Dít is die opdrag aan die sewentig wat hy uitstuur. Om lig te reis het ongelooflike voordele – vra maar vir elkeen wat 'n te groot en swaar tas op 'n oorsese reis moes hanteer. Ons kan nie anders as om ligter te reis nie. In ons eie lewe, maar ook in die kerk. Wat gaar ons nie alles op nie? Goed en ook geld word veilig weggebêre – om deur iemand anders, 'n volgende geslag ontdek te word. Dit kan tog nie! Netnou is dit soos *die toutjies wat te kort is om gebruik te word…*

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...

Gerhard Botha

VBO-VOETPAD

TEOLOGIESE KONGRES
24 - 26 AUGUSTUS 2015

Tema: ***Re-thinking justice and righteousness in society***

The aim of this congress is to bring colleagues from a variety of disciplines together to think about and discuss the issue of Justice and Righteousness from a multi-disciplinary perspective. Justice and Righteousness are theological concepts that can be discussed from various theological angles but these terms are also used in the other fields such as economics, law, education, architecture, history, philosophy etc. By hearing the voices on justice and righteousness from other disciplines, it may enrich our own (theological) understanding of these often elusive terms, while colleagues from other academic disciplines may benefit from a theological understanding of these terms. Main papers as well as short papers will be read.

Plek: Universiteit van die Vrystaat – Bloemfontein
Koste: R1 500.00 pp
Navrae: Mev Ronel Ellis (ellispj@ufs.ac.za), 051 401 2349

SERTIFIKAAT IN BEDIENINGSVERNUWING
19 - 20 OKTOBER 2015

Herhaling van Module 4, Groep 1 & 2
Plek: UV, Teologie Gebou, K120 – Bloemfontein
Tyd: 09:00
Aanbieder: Ds Gys van Schoor

21 - 22 OKTOBER 2015

Module 2, Groep 2 en **lede van Groep 1** wat nie kon bywoon nie
Plek: UV, Teologie Gebou, K120 – Bloemfontein
Tyd: 09:00
Aanbieder: Prof Kobus Schoeman en dr Gerhard Botha

16 - 17 NOVEMBER 2015

Module 5, Groep 1 & 2
Teken asseblief solank die datum aan. Verdere inligting sal volg.

Registreer: Indien daar persone is wat nie vir die Sertifikaat ingeskryf het nie, maar graag modules wil bywoon, is u baie welkom. SMS D20011, naam en eposadres na 31029

Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS
NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.